

Vrydag 22 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11
– 7:1

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs
5:11; 7:1 (1953-vertaling)

Die vrees van die Here dring ons tot die bediening van die versoening en 'n doelgerigte, heilige lewe

Die 1953-vertaling begin hierdie gedeelte in vers 11 met: *“OMDAT ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig ...”* en sluit dan in vers 1 van hoofstuk 7 af met: *“TERWYL ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.”*

Hierdie beloftes is die beloftes van versoening en 'n nuwe lewe in Christus. Dit is die genade van God wat Hy in Jesus Christus aan sy kinders gee. Dit beteken, in Christus sien God jou nie meer as 'n sondige mens wat sy oordeel en straf verdien nie, maar as nuutgemaakte mens wat sy geskenk van lewe waardig is.

Dit is hierdie besef van die ryke genade van God wat Paulus dring daartoe om mense te probeer oortuig van die wonderlike geskenk van versoening wat daar in Jesus Christus is. Dit is hierdie selfde besef wat ons ook tot dieselfde doelgerigte lewe vir die Here moet dring. Dit is wat die vrees van die Here behels. Hy is regverdig en sal regverdig as regter handel met die sonde, maar in Jesus Christus is daar vir jou die belofte van versoening en nuwe lewe. Dit is die vergifnis van jou sonde en 'n herstelde verhouding met die Here.

Deur sy Heilige Gees bewerk Hy hierdie nuwe lewe in ons, daarom dring die Gees ons daartoe om sy heiligmaking te volbring, deur doelbewus weg te draai van die sonde en die Here te volg.

Sing: Psalm 19-1:5

Teologiese Student HC Andersen (Riaan)